Hoërskool Oosterlig
Geskiedenis Graad 10
Opdrag 6 Datum: Gegee: 15-07-2020
Inhandig: 22-07-2020

Naam en Van:_____

Bestudeer die gegewe Bronne en beantwoord dan die vrae wat volg. Maak ook gebruik van jou eie kennis waar van toepassing.

BRON 3B

Hierdie bron verduidelik die impak van die implementering van die Naturelle Grond Wet van 1913 op Maria. Die storie was die gevolg van verskeie onderhoude wat deur Sol Plaatje gevoer is nadat die Naturelle Grond Wet van 1913 ingestel is.

Tussen die plakkers op dieselfde plaas as Kgabale was 'n weduwee genaamd Maria. Haar man het, terwyl hy nog geleef het, as huurder op die plaas gewoon en aandele ingeploeg tot en met sy dood. Na sy dood het Maria die kontrak behou en 'n goeie lewe gelei. Haar seun en dogter, onderskeidelik veertien en sestien jaar oud, het beurte gemaak om vee op te pas en hulle ma op ander maniere bygestaan.

... vir Maria, wat 'n weduwee was, en haar seun nog minderjarig, sou 'n mens hoop dat die landheer redelike terme sou voorstel; maar in plaas daarvan was sy voorstel dat sy ontslae raak van haar kleinvee en haar kinders aan hom verhuur as kontrakarbeiders. Maria het dit moeilik gevind om aan die landheer se versoek te voldoen. ... die landheer het toe, so sê hulle, Maria se strooidakhuis aan die brand gesteek, ... en Maria, met haar beddegoed op haar kop, en op die koppe van haar seun en dogter, terwyl sy haar drie-jaar-oue seun op haar rug dra, het van die plaas af geloop, terwyl sy haar beeste voor haar aanjaag. Om afskeid te neem van ... hul ou huis in ruil vir 'n leë en onbekende een, het die kinders bitterlik laat huil.

[Vertaal uit: *Native Life in South Africa* deur Sol T Plaatje]

BRON 3C

Hierdie bron is 'n uittreksel oor 'n plaasboer, mnr. V. Sy regte naam is nie bekendgemaak nie, want hy sou vervolg word deur die owerhede. Hy het sy werkers ingelig oor sy besluit om die implementering van 1913 se Naturelle Grond Wet op sy plaas te ignoreer.

Mnr. V, die plaasboer, het op 'n wa geklim ... en begin om die skare swartes wat om die wa vergader het, toe te spreek ... .

'Aandag! Luister,' het hy gesê. 'Julle sal onthou dat ek verlede maand hier was en die nuwe wet aan julle verduidelik het. Wel, ek verstaan dat die verduideliking groot onrus onder die naturelle in die hutte op my plaas veroorsaak het. Persoonlik is ek baie jammer dat dit so ver moes gaan, maar laat ek vir julle vertel, julle Nooi, my vrou, sê dat dit nie reg is om die terme waaronder ons in die verlede gewoon het, te verander nie. Ek stem met haar saam dat dit onregverdig is en dat die liewe Here, wat ons altyd geseën het, sy aangesig van ons sal wegdraai as mense ontwrig word en weggestuur word van die plaas af op 'n ontevrede wyse.' (Harde en aanhoudende applous ... .)

'Die Nooi ... sê ons moet nie die wet gehoorsaam nie: sy sê selfs dat as dit sou lei tot fisiese uitsetting, of as hulle my tronk toe vat, sal sy bereid wees om self Pretoria toe te gaan en Generaal Botha te spreek.' (Meer toejuiging, waaronder naturelle verdaag het om hulle mielies met groot tevredenheid weg te ry.)

[Vertaal uit: *Native Life in South Africa* deur Sol T Plaatje]

Gebruik Bron 3B en 3C. Daar word gesê dat onderhoude met ooggetuies betroubaar is wanneer die verlede geherstruktureer word. Skryf 'n paragraaf van ongeveer TIEN reëls (ongeveer 100 woorde) om die betroubaarheid van Bron 3B en 3C rakende die impak wat die Naturelle Grond Wet van 1913 op pagters gehad het, te verduidelik.

[10]